

Adenia repanda



English, Afrikaans en Duits: Adenia Otiherero: etundu

Adenia repanda is 'n kruidagtige rankplant, nie baie bekend nie, nie spektakulêr nie, maar tog noemenswaardig. Wat die oog en so ook die aandag trek, is die helder rooi ryp vrugte, wat in die somer (afhangende van die eerste reëns) of in die struik hang, waarin die plant rank of op die grond/tussen graspolle lê.



Daar kom 'n hele paar *Adenia* spesies in suidelike Afrika voor, en van hulle is baie giftig, soos bv. *Namibia voorkom*, word 'beskuldig' rekords beskikbaar nie.

Adenia digitata. *A. repanda*, wat oor groot dele van om giftig te wees, maar daarvoor is **nie** betroubare

Dit is nie so maklik om die verskil tussen *Adenia repanda* en *A. digitata* raak te sien nie, dus wees maar baie versigtig. Sover ek kon uitvind, kom *A. digitata* (die giftige een) nie in Namibia voor nie. Die vrugte se deursnee is om en by 15 tot 20 mm. Binne-in sit die saadpitte omhul deur 'n glibberige rooi vlesige laag. Die buitenste leeragtige omhulsel breek oop en stel die sade vry.

Die blomme is klokkienvormig, geelgroen van kleur, onopvallend. Aangesien die plant tweehuisig is, d.w.s., daar is manlike plante en daar is vroulike plante, sal 'n mens nie op alle plante vrugte kan sien nie.



Rank met bevrugte bloeisels in *Grewia*-struik



blare is opgerol a.g.v.droogde, vrugte nog nie ryp nie

Soos op die fotos bo aangetoon, sal ons dit nou in die veld kan waarneem. Die wortelgedeelte is 'n bol wat in die skaduwee onder struik groei.

Die plant kom redelik wyd verspreid in die land voor, vanaf Kaokoland tot in die Okavangogebiede en suid tot by Keetmanshoop en die oostelike Lüderitzgebied, sowel as Botswana en ook Suid Afrika

Wat die plant moeilik maak om te identifiseer, is dat die groeivorm van veral sy blare so geweldig kan variëer. Die wat ek nou gesien het, is baie smal, 4 tot 5 mm breed, met slegs een klein punt-uitgroeisels in die helfte van die blaar (foto links), waar dit by 'n ander plant by 'n ander plek 'n vingeragtige lang uitgroeisels (soos op foto middel) vorm. Op die foto (heel regs) is 'n *Adenia repanda* met korter maar baie breër blare afgebeeld.



Afgeneem in droë jaar, small blare....normale reënjaar,
berge

foto: Alex Dreyer, suid van die Naukluft-
berge

Ofskoon daar min bekend is oor medisinale gebruike van *Adenia repanda*, is wel bekend, dat die Boesmans skraapsels van die bolwortel vir reinigingsrituele gebruik.

By kinders “behoort” die rooi vrugte aan die meisies, en na ‘n goeie jagtog en maaltyd is dit groot pret vir seuns, om die rooi vrugte van die meisies te steel. Die meisies jaag dan die seuns agterna om die vruggies terug te verower. Ou vrouens “herleef” dan weemoedig hulle kinder- en jeugdae en ou stories oor die speeljagtogte word vertel. (Daar is ook ‘n “seunsplant”, wat deur die meisies gesteel en deur die seuns terug verower moet word; sy naam is *Cyphostemma congestum*. Dit dra ook rooi bessies amper soos druive)

Belangerik om te noem:

Daar is ‘n ander plant met die naam **Adenium**, en dit **het niks te doen met Adenia nie!**

Dit is twee heeltemal verskillende plantspesies. Al wat hulle in gemeen het is, dat van hulle giftig is en die gif as Boesman-pylgif gebruik is, (**Adenium is BAIE giftig**, dit kom nie hier in die oostelike dele van Namibia voor nie, maar in die noordweste, die Karstveld en ‘n kol in die sentrum van die land. Baie tuiniers ken dit).

Inligtingsbronne:

Field Guide to Succulents in Southern Africa (Gideon F.Smith,Neil R.Crouch,Estrela Figueiredo)

Tree Atlas of Namibia (Barbara Curtis, Coleen Mannheimer)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Foto van breë-blaar-*Adenia repanda* en inligting: Alex Dreyer www.kyffhauser.co.za/flora

Teks en res fotos: Anka Eichhoff

Desember 2018